# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk, Funksionele Skryfwerk en Letterkunde)**

SG **101-2/3**

**13 bladsye**

AFRIKAANS EERSTE TAAL SG: Vraestel 3

101 2 3 SG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk, Funksionele Skryfwerk, Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- AL DRIE afdelings is VERPLIGTEND.
- Lees die INSTRUKSIES by elke afdeling.

---

## AFDELING A
## KREATIEWE SKRYFWERK

### VRAAG 1

**INSTRUKSIES:**
Jy het gedurende die afgelope jare in Afrikaansonderrig met skryfwerk oor 'n wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

- Een opdrag van 30 punte moet in Afdeling A gedoen word.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer 250 – 350 woorde wees.
- Hou by die vereiste lengte.
- Bepaal jou by die onderwerp.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Skryf die nommer van die vraag boaan neer.
- Werk netjies.
- Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

  → Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik.
  → Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het.
  → Die VORM van die skryfstuk.
  → Die TAAL, STYL en TRANT wat by die skryfstuk pas.

1.1 'n Mens kom dikwels voor 'n kruispad in jou lewe te staan waar jy gedwing word om besluite te neem. 'n Paar jaar / 'n paar maande later besef jy egter dat jy die verkeerde besluit geneem het. Skryf 'n skryfstuk waarin jy VERTEL wat jy anders in jou lewe sou doen as jy die geleentheid gehad het om jou lewe oor te leef.

**OF**

1.2





(Uit: ***Rapport***, 23 Februarie 2003)

Jy het soos so dikwels van tevore jou ouers se vertroue in jou geskok en met soetsappige verskonings hulle om die bos probeer lei. 'n Mens se duister dade het egter 'n nare manier om jou in te haal en jy het 'n toets gedruip. Onlangs het jy weer by vriende gaan 'studeer'. OORTUIG jou ouers dat jy jou les die vorige kere geleer het en ten volle besef dat jou toekoms in jou hande rus.

**OF**

1.3




(Uit: ***Beeld***, 21 Maart 2003)

b.o.

Deesdae is die media vol van alle soorte regte: kinder-, ouer-, en menseregte. Dit is veral moeilik vir die moderne ouers om dissipline te handhaaf. Skryf 'n skryfstuk waarin jy die saak van kinderregte teenoor ouergesag OPWEEG en doen voorstelle aan die hand om dissipline te handhaaf sonder om die kind se regte te skaad.


**OF**

1.4 Suid-Afrika is waarlik 'n besondere mooi land met vele plekke wat vir toeriste aanloklik is. Skryf 'n BESKRYWENDE opstel waarin jy verskillende plekke in Gauteng beskryf wat vir enige toeris interessant sal wees.

**OF**

1.5 Waaraan dink jy as jy na die volgende prente / illustrasies kyk? Skryf 'n skryfstuk oor EEN van die prente en voorsien jou skryfstuk van 'n treffende titel. Skryf die nommer van jou keuse oor boaan die skryfstuk neer. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan byvoorbeeld verhalend, beredenerend of bespiegelend wees. Dit kan 'n opstel, verslag, betoog of artikel wees.


1.5.1



(Uit: ***The Star***, 21 Mei 2003)

**OF**


1.5.2



(Uit: ***The Star***, 26 Maart 2003)
*(GRAPHICS NKOSIKHONA NGCOBO)*

**OF**

1.5.3



(Uit: ***Huisgenoot***, 24 April 2003)

(30)
**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

**b.o.**

## AFDELING B
## FUNKSIONELE SKRYFWERK

### VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 150 – 200 woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

2.1 Mense ondervind baie probleme en skryf dikwels aan tydskrifte se hulpkolomme om hulp / raad vir hulle probleme te kry. Jy is pas aangestel as raadgewer vir *Huisgenoot* en het die volgende brief van 'n moedelose leser ontvang. **Vertel** watter raad jy in jou rubriek aan hom / haar sal gee.

> Ek is vyftien. Ek en my ma baklei aanhoudend. Dit maak my rasend. Sy vind fout met alles wat ek doen. As my kamer deurmekaar is, ek te lank op die telefoon praat of my punte swak is, skree sy op my. Vroeër het ons goed oor die weg gekom, maar deesdae lyk dit of niks wat ek doen haar meer tevrede stel nie. Help! – **Lou, Mpumulanga**

(Uit: ***Huisgenoot***, 24 April 2003)

**OF**

2.2 Tydens 'n skemerpartytjie by julle aan huis het een van jou maats in die swembad geval. In ons daaglikse lewens vind daar baie humoristiese situasies plaas. Jy is gevra om 'n **humoristiese** storie oor die voorval of enige ander grappige situasie by 'n dagblad te skryf. Die inhoud moet van goeie smaak getuig.


**OF**

2.3 Hieronder verskyn 'n voorbeeld van 'n boekresensie. Skryf nou 'n **resensie** oor enige Afrikaanse boek wat jy onlangs gelees het.

Onthou dat die volgende inligting deel van jou resensie moet wees:

- 'n treffende opskrif
- 'n waardebepaling
- 'n aanbeveling

**OMNIBUS 4: HELENE DE KOCK**




**Skrywer: Helene de Kock**
**Uitgewer: Human & Rousseau**
**Prys: R99,95**

Drie topromans oor kampusliefde deur een van ons gewildste skrywers. *Tiendes van silwer* is die verhaal van vier jongmense op die Potchefstroom-kampus. Dis deurmekaarjare van liefkry en keuses, seerkry en ontdek dat silwer net 'n skynsel is en werklike geluk net met die hart gekoop kan word. *Gruispad na tóg wat:* Die rustelose Pierre Nienaber is nog nie gereed om met sy jeugliefde te trou en te begin boer nie. Hy besluit om 'n nagraadse kursus te gaan doen. Maar daar is 'n lewenslustige jong mediese student wat al sy waardes onderstebo keer. In *Skemerspel* moet Eben sy geliefde Christine teen sy sin agterlaat wanneer hy in Leiden gaan studeer. Is hul liefde sterk genoeg om die lang skeiding te deurstaan?

**Bel 0800-22-0224 (tolvry) om te bestel.**

(Uit: ***Vrouekeur***, 16 Mei 2003)

**OF**

2.4 Die skrywer wat die weeklikse voorskou van die TV-programme gee, het pas 'n kort kursus aangebied om leerlinge wat belangstel in die koerantwese 'n voorsmakie van hierdie tipe werk te gee. Jy was een van die gelukkiges wat die kursus kon doen. Om die kursus te slaag, moes julle elkeen 'n kort voorskou van **VIER** programme doen. Skryf jou **voorskou** neer.

**EN**

**VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 80 – 100 woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

3.1 Jy het 'n uitnodiging na die mondigwording van jou suster / broer aan een van jou maats gestuur. Die hond het egter die pos beetgekry en die kaartjie feitlik onleesbaar gemaak. Aangesien dit te laat is om 'n ander uitnodiging te pos, moet jy die belangrike inligting aan jou vriend faks. Skryf die **inhoud van jou faksboodskap neer**.

**OF**

3.2 Een van jou vriend/vriendinne het onlangs 'n ernstige operasie ondergaan en hy / sy, 'n kranige atleet, sal dalk nooit weer atletiek kan beoefen nie. Skryf die **inhoud van die kaartjie** wat jy as bemoediging aan jou vriend/in stuur neer.

**OF**

3.3 Julle netbal-, sokker-, rugbyspan reël 'n toer na een van die toeriste **mekkas** (Sun City, Caesars) om fondse in te samel vir nuwe sportklere. Skryf die **advertensie** om die toer op 'n aanloklike wyse aan die gemeenskap bekend te stel.

(15x2)= **[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A & B: [60]**

## AFDELING C
## LITERATUURSTUDIE

Hierdie afdeling tel 25 punte.
Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
Die vrae handel onderskeidelik oor *BOEKET* (Tony Links e.a.) en *VERLORE PARADYSE* (N.J. Snyman).

*BOEKET* (Tony Links e.a.)
Jy het hier 'n keuse tussen Vraag 4 of Vraag 5.

## VRAAG 4

Bestudeer die volgende teksgedeelte en beantwoord die vrae wat volg:

Uit: ***DE HERBERGIER VAN PIDALGO*** (Godfried Bomans)

De beroemde waard zat de ganse dag in een stoel voor de deur, het hoofd op de borst gezonken. Des avonds sloot hij als altijd de luiken en ging langzaam naar bed. Des ochtends stond hij op en ging wederom buiten voor het huis zitten, als een veroordeelde, een schuldige. Soms, bij het naderen van een stap, lichtte hij het hoofd op; er gloorde een zwakke hoop in zijn ogen, dat er nog iemand zou stilstaan en vragen: “Hebt gij die coteletten nog? Kunt gij mij een lamsbout voorzetten?” Doch men ging zwijgend voorbij.

Eers op een dag echter reed er een koets voor, bespannen met zes grijze appelschimmels. Opgewekt knalde de koetsier de zweep, een roodwangige lakei sprong van het achterwiel op de grond en opende het portier. Er steeg een weldoorvoed heer uit, met een voorname glimlach op het fijne, blozende gelaat.

“Vriend”, spraak hij, “zijt gij de bekende herbergier van Pidalgo uit het Graafschap Esquerra?”

“Jawel, heer.”

De arme man was opgerezen en hield zich met moeite overeind aan de leuning van zijn stoel.

“Welnu, zeg mij dan, wat is dit voor een vreemd land?” vervolgde de heer, even de wenkbrauwen fronsend, “men weigert mij hier mijn lievelingsgerechten voor te zetten. Gisteren nog bestelde ik een cotelet en men antwoordde dat dit niet mogelijk was, daar er hongersnood heerste. Wat betekent dat? Gij doet toch zeker aan de dwaasheid niet mee?”

Die beroemde waard richtte zicht plotseling in zijn volle lengte op. “Gij, zijt hier bij de herbergier van Pidalgo, heer”, zeide hij. De vreemdeling knikte voldaan.

“Ik heb u wel gezegd”, sprak hij, zicht gevolg wendend, “deze herbergier vindt zijn weerga niet in het hele Graafschap. Gij hebt mij niet teleurgesteld, mijn ewaarde. Ik wil ook u niet beschamen: over zeven dagen kom ik terug, om uw vermaardheid te toetse, Gij behoeft niet veel te bedien. Ik ben een vijand van het vele, een vriend echter van het goede. Zorg slechts voor enige voortreffelijke carbonaden en enkele van uw vermaarde coteletten. Op tien gasten kunt gij reken. Tot weerziens.”

De koets rolde heen. De volgende morgen zag men de waard niet buiten zitten. De luiken bleven gesloten, de deur was toe. Reeds waande men de herberg ontruimd, toen de zevende dag een blauw rookwolkje uit de schoorsteen kringelde. Enige uren later drong een heerlijke brandlucht door de reetjes der gesloten luiken naar buiten. De verbazing in Pidalgo was algemeen. Men klopte op de deur en tikte tegen de ruiten; doch antwoord kwam er niet.

Tegen de avond reed de koets voor. De hertog en negen edellieden uit zijn gevolg stegen vrolijk schertsend uit en liepen enige malen om het gesloten huis. Vol welbehagen snoven zij de fijne braadgeur die door naden en reten naar buiten drong.

“Komaan”, sprak de hertog, na enige tijd gewaght te hebben of er iemand ter verwelkoming naar buiten trad. “wij zullen naar binnen gaan.”

4.1 Waarom sit die herbergier (r. 1) nou daagliks en niks doen nie? (2)

4.2 In r.3 word na die herbergier as “skuldige” verwys. Verduidelik waaraan hy skuldig is aan die einde van die verhaal. (1)

4.3 Wat is die werk van 'n lakei (r. 9)? (1)

4.4 Vir watter tipe geregte was die herbergier veral beroemd? (1)

4.5 Dit wat die herbergier aan die einde doen is 'n daad van opoffering. Waarom kan dit beweer word? (1)

4.6 Die herbergier het mettertyd maer en bleek geword. Ons lees in r. 15 dat hy met inspanning opstaan uit sy stoel. Waarom het hy so agteruit gegaan? (2)

4.7 Mettertyd het mense die herbergier se gasvryheid geïgnoreer. Haal 'n sin aan uit r.5-7 wat die mense se afsydigheid bevestig. (2)

4.8 Waarom was die hele Pidalgo in rep en roer toe hulle op die sewende dag rook by die skoorsteen sien uitkom? (2)

4.9 Waarom dink jy was daar geen antwoord van binne die huis nie? (1)

4.10 Waarom is dit eintlik tragies dat die besoekers (r.36-37) die braaivleisreuk met welbehae ervaar het? (2)

4.11 Sou jy as jy die herbergier was jouself ook so opoffer? Motiveer jou siening. (2)

4.12 Hoe verskil die persone in r.7-10 van die herbergier in r.1-6? (2)

4.13 Motiveer waarom hierdie verhaal universeel is. (1)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 5**

***EEN HEER IN DE TREIN*** – Simon Carmiggelt

5.1 In hierdie verhaal leer ken die leser die verteller asook sy medereisiger. Skryf 'n opstel van 200 – 250 woorde waarin jy aandag aan die volgende aspekte in die verhaal gee:

- Verduidelik kortliks hoe die verteller en die meneer van mekaar verskil (uiterlik en ook wat die handeling en persoonlikheid betref).
- Skets die drie komiese situasies wat in die verhaal uitgebeeld word en sê wat jy as leser uit die verhaal kon leer.
- Gestel jy was die verteller. Sou jy ook vir die meneer gelag het? Motiveer jou standpunt deeglik. (15)

5.2 ***HANDEL*** – Maarten 'T Hart

Skryf in 80 – 100 woorde watter waarheid jy uit oom Adriaan se optrede in hierdie verhaal geleer het. (5)
**[20]**

**OF**

***VERLORE PARADYSE*** – (N.J. Snyman)

Jy het hier 'n keuse tussen Vraag 6 en Vraag 7.

**VRAAG 6**

Bestudeer die volgende teksgedeelte en beantwoord die vrae wat volg:

***DIE SKERPIOENE*** – (Paul C. Venter)

"Moenie aanstoot vat nie, gehoor. Sy raak maar al hoe meer van 'n walskipper. Doen dít, doen dát. Sy bedoel dit nie."

"Ek weet, Pa."

Hy gaan in die siekekamer in. Dis donker van die geel kantgordyn en die mis voor die son. Hy voel die hoendervel uitslaan.

Vier maande terug, toe hy laas hier was, kon sy ma nog opsit en glimlag. Nou lê sy plat en strak soos 'n lyk in 'n kis. Hy het g'n diagnose van Dok Gryspiet se slim maat nodig om te weet dat sy nie weer gaan opstaan nie.

"Frannie?"

"Hello, Ma."

"Kyk hoe lank het jy geword,net bene. Soentjie?"

Hy doen dit teësinnig. Haar lippe is droog. Sy ruik na ou sweet en balsemkopiva. Haar vingernaels steek in sy arm.

"Moenie vir jou pa sê nie," fluister sy. "Dis ons geheimpie. Doen dit net."

"Wat?"

"Sjuut! Jy weet mos."

Hy het nie die vaagste benul waaroor dit gaan nie. In die gang staan sy pa massief en geboë. Die kromsteelpyp het doodgegaan.

"Wat prâât sy?" fluister Frannie.

Sy pa beduie met die oë kombuis toe. Hulle loop sit aan die bloekomhouttafel wat al so geskrop is dat die houtweefsel hier en daar soos wit perlemoenpote lyk. In 'n vlakbord lê pienk gif en 'n brommer dryf daarin.

"Wat moet ek Pa nie sê nie?"

"Kreef. Ag, sy vra almal wat hier kom, net nie vir my nie. Sy's lus vir kreef."

"Nou?"

"Nou dink vir jouself." Sy pa is meteens kwaad. "Dis nog vyf maande voor die seisoen oopmaak. En vanlat Bekkie Viljee bloubaadjie gekry het, is die hele Skulpbaai vrekbang vir smokkel. Die kreefspietkop boer hier. Jy kan maar sê dag vir dag kom sy bakkie hier oor die knop en dan kom drink hy kamma koffie."

**EN**

Daar is effens mis, maar nie genoeg om die mishoring te laat blaas nie. Dis donkermaan en Frannie moet lank kyk voor hy die swart kolle van drywende seebamboes kan uitmaak. Dis daar waar sy pa met die nette sal wees, want die swartmossel en ander skulpdiere wei tussen seebamboes en húlle is weer die kreef se kos.

Frannie staan op die rotse en wag. Die noordwester waai liggies en baie koud. Hy voel dit deur sy baadjie. Dis seker al middernag.

Hy wens sy pa wil klaarkry.

Die see knal teen die rotse. Die straal van die ligtoring swiep telkens verby en verander wolkbanke in silwer grotte.

(Uit: ***Verlore Paradyse***, HAUM)

6.1 Frannie woon nie op Skulpbaai nie. Waarom is hy nou tuis? (1)

6.2 In r.6-8 is 'n voorbeeld van 'n vergelyking. Dui aan watter TWEE sake met mekaar vergelyk word. (2)

6.3 Verklaar: "Sy pa beduie met die oë kombuis toe" (r. 20). (1)

6.4 Wat word bedoel met iemand wat **bloubaadjie** kry (r. 24)? (1)

6.5 Verklaar die volgende TWEE woorde se betekenis binne konteks:

6.5.1 boer (r. 28)
6.5.2 kamma (r. 29) (2)

6.6 Wat is die kreefspietkop se naam van wie ons in hierdie verhaal lees? (1)

6.7 Frannie verwys na Skulpbaai as 'n afskeepwêreld. Gee EEN rede waarom hy so sê. (2)

6.8 Waarvan beskuldig Frannie se pa hom? (1)

6.9 Waaraan ly Frannie se ma moontlik? (1)

6.10 Vanweë haar siekte moet Frannie se pa self inspring en werk. Wat word daarmee bedoel as gesê word dat hy twee linkerhande in die kombuis het? (2)

6.11 Waarom is Frannie teësinnig om sy ma te soengroet (r. 12)? (1)

6.12 Watter woord in r.37-38 suggereer die geluid wat die see maak? (1)

6.13 Wat veroorsaak dat die wolkbanke soos silwer grotte lyk (r.37-38)? (1)

6.14 Waarom is die donkermaan (r.30) die ideale omstandighede vir Frannie-hulle? (2)

6.15 Sou jy as jy Frannie was, ook so 'n opoffering maak? Motiveer jou antwoord. (1)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 7

7.1 ***TERUGKEER VAN 'N SOLDAAT*** – (Dolf van Niekerk)

Skryf 'n opstel van 200 – 250 woorde oor die verhaal "Terugkeer van 'n soldaat" en gee veral aandag aan die volgende aspekte:

- Die rede waarom die moeder so vreemd optree.
- Die verteller se probleem: hoe sal dit opgelos kan word?
- Dui aan hoe die ruimte (omgewing) die droefheid van die verhaal beklemtoon.
- Dink jy dit sou moontlik wees om die moeder tot ander insigte te bring? Motiveer jou siening. (20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**